

PREEKSKETS: LUKAS 10:1-12

Die vraag voor enige taak is altyd: Waar begin ek? **DRIE BELANGRIKE WAARHEDE OM TE ONTHOU:**

Jesus roep en maak deur sy Gees bekwaam. Christus kies nie 'n klomp grootkoppe of “engeltjies” nie. Sy *“krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.”* (2 Kor.12:9)

Dissipelskap is 'n proses. Niemand daag op as die volmaakte dissipel nie. Ook dít is deel van die vrug van die Gees wat in my groei.

Fokus op die beginsels en nie soseer op die metode. 'n Proses waar ek net nougeset die 4 stappe nakom, kan maklik daartoe lei dat EK in die middel van die hele proses staan. EK maak dissipels. EK maak mense gesond... Daarom is die heel eerste beginsel:

- 1. EK IS BIDDEND AFHANKLIK VAN HOM** = *“Bid dan tot die Here aan wie die oes behoort”* (v.2). Om God se oes in te bring, vra na baie mense wat bid en baie mense wat hard werk vir Christus. Dit is twee dinge waarvan die kerk nog nooit baie gehad het nie. Daarom begin dissipelskap met ernstige gebed.
- 2. LAAT DIE VREDE VAN CHRISTUS DIE EERSTE RAAKVLAK WEES IN ALLE VERHOUDINGS** = *“Vrede vir hierdie huis.”* Die vredeslig waarmee God my hart verlig, moet so helder skyn soos die helder son van die middag. Wees dan reg en voorbereid vir daardie een in wie se hart die Heilige Gees die vonk van die evangelie wakker maak EN wat met jou begin gesels.
- 3. SPREEK DIE ONMIDDELIKE NOOD AAN** = *“Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: “Vir julle is die koninkryk van God baie naby”.* Siekte is nie net altyd liggaamlike nood nie. Onthou: ons elkeen se grootste nood bly altyd Christus. Dit gaan dalk van my tyd/geld of fisiese moeite verg (dra jou kruis).
- 4. DAAR KOM OOK 'N TYD OM WEG TE LOOP** = Daar kom 'n tyd om selfs die stof van iemand aan jou voete af te skud. Hierdie

tyd breek nie aan as jy net 'n teksie of twee vir 'n persoon gelees en hom dan kwaai aangespreek het nie. Na vele myle weer saam loop, na soveel keer se “die ander wang draai”, na 70x7 vergewe... moet ek Christus in die oë kan kyk en sê: Ek het alles probeer.

VIR VERDERE OORDENKING

1. Lees Mat. 11:29 & 28:20a. Watter belangrike waarheid rakende dissipelskap leer ons uit hierdie gedeelte?

2. Jesus noem 4 belangrike “stappe” in die proses van dissipelmaking. Wat leer jy uit die Skrifgedeeltes rakende elke stap en hoe gaan jy dit prakties toepas in jou lewe:

a. EK IS BIDDEND AFHANKLIK VAN HOM

Joh. 14:13-14

Joh. 15:5

Hand. 12:12

Ef. 6:18

b. LAAT DIE VREDE VAN CHRISTUS DIE EERSTE RAAKVLAKE WEES IN ALLE VERHOUDINGS

Mark. 9:50

Hand. 10:36

Rom. 8:6

Rom. 12:18

Gal. 5:22

c. SPREEK DIE ONMIDDELIKE NOOD AAN

Mat. 7:12

Jak. 2:14-17

d. DAAR KOM OOK 'N TYD OM WEG TE LOOP

Mat.13:18-22

Hand.17:32